

Maandag 2 September

Skrifgedeelte: Romeine 1:8-17	Fokusgedeelte: Romeine 1:17, 18 (1983-vertaling)
--------------------------------------	---

Ons wil almal graag goeie nuus hoor en goeie nuus aan ander mense bring

In die gebroke werklikheid van die sondige wêreld is daar maar een Goeie Boodskap (evangelie) wat werklik 'n verskil kan maak, en wat ondanks alles goeie nuus kan bly. Dit is die goeie nuus (evangelie) wat Paulus aan die gelowiges in Rome wil verkondig (vs 15), en dit is die goeie nuus (evangelie) waarvoor hy hom nie skaam nie (vs 16). Die goeie nuus is:

- dat God mense van hulle sonde vryspreek en mense in die regte verhouding met Hom bring. Die beste nuus wat jy ontvang het, is dat jy nie in vyandskap met God hoef te leef nie, maar in 'n verhouding waar jy vir God aanvaarbaar gemaak is.
- dat hierdie vryspraak alleen plaasvind deur die geloof in Jesus Christus. Dit beteken dat jy niks uit jouself hoef te verdien om in die regte verhouding met God te kom nie. Jesus Christus het alles gedoen wat nodig is vir jou om in die regte verhouding met God te lewe. Jy moet die gawe net deur die geloof aanvaar.
- dat die goeie nuus vir Jode en nie-Jode geld. Dit maak nie saak wat jou afkoms of stand of finansiële vermoë of vlak van geleerdheid is nie. Alle mense, en jy ook, wat glo, ontvang die vryspraak.
- dat jy wat in die regte verhouding met God geplaas is, sal LEWE. Vir altyd sal lewe en 'n kwaliteit lewe sal hê. Reeds voor die dood ... en ook na die dood.

Paulus stel met hierdie woorde die tema van sy hele brief aan die Romeine aan die orde. Eintlik kan ons sê dat die woorde die teksvers van die hele brief en van die evangelieboodskap in die hele Bybel is. Dit is immers 'n aanhaling wat uit Habakuk 2:4 kom en wat later ook deur die Hebreërskrywer in Hebreërs 10:38 gebruik word.

Dit is die enigste goeie nuus wat ek vir jou kan gee. Dit is die evangelie.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2

Ds. HS Coetzee (Fanie) (Potchefstroom Die Bult)